# HOKKIEBELEID

1. INDELING VAN SPANNE, AFRIGTERS EN SPANBESTUURDERS

1.1 Die indeling van spanne en afrigters word elke jaar deur die hokkiehoof, in samewerking met die sporthoof en Direkteur van Sport, gedoen. Die volgende aspekte word in ag geneem:

- Kwalifikasie van afrigter
- Prestasie van span(ne)
- Ondervinding met spesifieke ouderdomsgroep
- Entoesiasme
- Beskikbaarheid

Hierdie indeling sal jaarliks hersien en aangepas word indien nodig.

1.2 Afrigters moet gereeld graderings en die jaarlikse reëlbesprekings of kursusse bywoon.

1.3 Tans is daar twee Hokkiehoofde waar die een fokus op finansies, toerusting, toere en Suid-Vrystaat proewe. Die ander persoon hanteer die administrasie, vergaderings, liga, afrigters, skool-proewe en enige kommunikasie met ouers.

2. INSKRYWINGSGELD EN REGISTASIE VAN SPELERS

2.1 Omdat daar van ongeveer 30 buite-afrigters gebruik gemaak word en omdat toerusting baie duur is, betaal elke speler ‘n inskrywingsfooi om ‘n gedeelte van hierdie koste te dek, asook om die leerders in te skryf vir die hokkietoernooie waar Tjokkies betrokke is.

2.1.1 Die koste word jaarliks hersien en aangepas indien dit nodig is.

2.2 ‘n Registasievorm word uitgestuur aan elke speler waar die nodige inligting vir die hokkieseisoen bekom word.

2.2.1 Die vorm moet ingevul en terugbesorg word aan die hokkiehoof wat dit dan aan die koördineerder van die betrokke ouderdomsgroep gee, voor die sperdatum wat op die vorm aangedui is. Die vorms kan ook elektronies ingedien word.

2.2.2 Indien spelers nie betyds registreer nie, kan hulle nie in aanmerking kom om gekies te word vir die spesifieke jaar se hokkiespanne nie.

## 3. <u>STUDENTE-AFRIGTERS/AFRIGTERS</u>

3.1 Daar word van buite-afrigters gebruik gemaak wat hoofsaaklik studente is.

3.2 Ouers mag afrig, maar nie by die spanne waarby hulle eie kinders betrokke is nie.

3.3 Die verantwoordelikhede van die afrigter is as volg:

- Stiptelikheid by oefeninge / wedstryde en toernooie.
- Entoesiasme oor die spel en die spelers, asook vriendelikheid teenoor opponente.
- Deeglike beplanning en voorbereiding voor elke oefening.
- Geklee wees in sportdrag vir elke oefening en in die Tjokkies sportdrag vir wedstryde.
- Deeglike kommunikasie met koördineerders en spelers.
- Professionaliteit. Afrigters verteenwoordig die skool en moet dus ten alle tye die naam van die skool beskerm. Afrigters moet sover moontlik nie met skeidsregters, ouers of afrigters/onderwysers van ander skole in argumente betrokke raak nie.
- Verantwoordelik vir die toerusting wat geleen word.
- Optree as skeidsregter by alle wedstryde, behalwe O/13A

3.4 Indien ‘n afrigter ‘n oefening of wedstryd nie kan bywoon nie, moet hy/sy self ‘n ander afrigter reël. Indien die afrigter nie iemand in hul plek kan reël nie sal hy/sy nie betaal word vir daardie sessie nie.

4. KOÖRDINEERDERS

4.1 Koördinering van 'n ouderdomsgroep tel as 'n buitemuurse verantwoordelikheid vir betrokke onderwysers.

4.2 Sommige koördineerders rig nie af nie, maar help met die vervoer van leerders na die UFS astro toe en terug.

4.3 'n Pligtestaat word aan elke koördineerder gegee; hierdie staat moet onderteken word voor die hokkieseisoen begin.

4.4 Pligte van koördineerders is as volg:

- Om toe te sien dat afrigters al die nodige inligting het soos dit ontvang word vanaf die hokkiehoof.
- Om toe te sien dat afrigters by alle oefeninge, wedstryde en toernooie opdaag en aan te dui wanneer die afrigter nie teenwoordig is nie.
- Om toernooie by te woon waarby sy/haar ouderdomsgroep betrokke is en om teenwoordig te wees tot aan die einde van die laaste wedstryd.
- Indien 'n koördineerder se eie spanne nie speel nie, 'n ander koördineerder by te staan waar nodig is.
- Om te help met administrasie by proewe van die betrokke ouderdom waar hy/sy ingedeel is.
- Om toe te sien dat die afrigter alle spelers se ouers op 'n kommunikasiegroep het en om self ook daarop te wees om inligting deur te gee en te kontroleer.
- Om seker te maak dat alle spelers se wedstryd- en vervoerreëlings getref is.
- Om die bussie te bestuur volgens die rooster.
- Om teenwoordig by al die wedstryde te wees.
- Om alle tellings die dag na die wedstryde op Tjoknet in te lees by die aangewese plek.
- Om alle navrae en klagtes van ouers in jou ouderdomsgroep te hanteer of te verwys na die hokkiehoof/sporthoof indien hy/sy nie self die saak kan oplos nie.

5. PROEWE

5.1 **Graad 1**

5.1.1 'n Week/paar dae voor die Gr. 1-proewe word kinders tydens skooltyd in onderskeidelik seuns- en dogtersgroepe uitgeroep en eers basiese vaardighede gewys. Daarna word seuns en dogters apart in groepe van 6/7 verdeel. Daar word ook in LO periodes netbal, rugby en hokkievaardighede aangeleer in die tweede en derde kwartaal.

5.1.2 Daar word 1 massa-oefening voor die proewe gehou na afloop van die netbal en rugby seisoen.

5.1.3 Proewe word gehou tydens gewone skoolure of na skool in eksamentyd. 3-5 keurders van buite Tjokkies asook die betrokke onderwysers word gereël om te keur.

5.1.4 Die hokkieveld word in kwarte verdeel en spelers speel teen mekaar volgens die hokkievermoëns waaroor hy/sy beskik.

5.1.5 Elke keurder kry 'n lys van spelers waarop hulle vir elke speler punte gee om aan te dui wat hul vaardigheid en vermoëns is.

5.1.6 'n Tweede rondte proewe word gehou waar spelers weer ingedeel word volgens die puntetoekenning wat ontvang is in rondte 1 van die proewe.

5.1.7 Aan die einde van die proewe word punte opgetel en leerders word dan in die spanne verdeel volgens die aantal punte wat elkeen verwerf het.

5.2 **Gr. 2 tot Gr. 5**

5.2.1 Daar word 1 massa-oefening voor die proewe gehou na afloop van die netbal en rugby seisoen.

5.2.2 Aan die einde van die tweede kwartaal word daar 'n dubbel-rondte proewe gehou vir die onderskeie ouderdomsgroepe na skoolure.

5.2.3 Aan elke ouderdomsgroep word 'n spesifieke middag geallokeer en ingedeel waar daar 3-5 keurders van binne en buite Tjokkies gereël word om te keur.

5.2.4 Afrigters betrokke by die ouderdomsgroep moet ook dien as ‘n lid van die keurdergroep. Elke keurder kry ‘n lys van spelers waarop hul vir elke kind ‘n punt gee volgens die vaardigheid en vermoë waaroor die spelers beskik.

5.2.5 Die tweede rondte proewe word ingedeel volgens die puntetoekenning wat ontvang is tydens rondte 1.

5.2.6 Aan die einde van die proewe word punte opgetel en leerders word in spanne ingedeel volgens die aantal punte wat elkeen verwerf het.

5.2.7 Indien ‘n speler slegs een geleentheid van proewe kon bywoon mag hy/sy nie benadeel word nie en moet die puntetelling van die een geleentheid van proewe wat wel bygewoon is oorgedra word na die rondte waarop die speler uitgemis het.

5.2.8 Indien die speler nie een van die proewe kon bywoon nie weens mediese redes, mag hy/sy voorwaardelik ingesluit word in die span waarin hy/sy die vorige jaar gespeel het. Tydens die eerste paar oefeninge moet die speler dan finaal in die regte span geplaas word.

5.3 **Gr. 6 en Gr. 7**

5.3.1 Die proewe werk presies soos gestipuleer in 5.2, behalwe dat dit aan die einde van die vorige jaar in November gehou word, omrede daar toere vir die A-spanne van Gr. 6 en Gr. 7 is.

5.3.2 Proewe word vroeër gehou sodat ouers gelde kan spaar en toerklere gemaak kan word.

5.4 **0/12 en 0/13 Suid-Vrystaat Proewe**

5.4.1 Na afloop van die hokkieseisoen kan spelers van die 0/11 A en B en 0/12 A spanne genomineer word vir die SVS hokkie proewe.

5.4.2 SVS proewe word aan die einde van die jaar gehou om oefengroepe te kies wat ook eers oefen voor finale spanne in die nuwe jaar gekies word.

5.4.3 Daar moet aan die ouers deurgegee word dat daar ‘n baie groot finansiële implikasie is indien die leerder verkies gaan word vir die spanne en dat die opsioneel is om deel te neem.

5.4.4 Alle inskrywingsgelde vir die proewe word deur die spelers self gedra.

5.4.5 Dit is die hokkiehoof se verantwoordelikheid om te sorg dat alle inligting van die spelers wat inskryf, betyds deurgegee word en dat ouers ingelig is oor al die inligting aangaande die proewe.

6. <u>SPANVERKIESING</u>

6.1 Die kies van spanne is nie finaal na die proewe nie.

6.2 Daar mag spelers na ander spanne geskuif word indien die afrigter duidelik kan sien dat die kind nie in die betrokke span hoort nie, mits dit oor die hokkievermoë of oor die speler se samewerking is.

6.3 Afrigters mag nie self ‘n kind na ‘n ander span skuif nie. Die koördineerder moet eers in kennis gestel word en na deeglike kommunikasie en goedkeuring kan die speler geskuif word.

6.4 ‘n Speler mag nie meer as 2 spanne in ‘n jaar daal nie.

6.5 Daar mag spelers van ouer ouderdomme in ‘n graadspan wees omrede hokkie in graadverband plaasvind.

6.6 Graad 7 mag daar nie meer as twee o/14 spelers in die spanne wees nie, omrede die graad 7-spanne wat eerste in die liga eindig gekies kan word om aan provinsiale uitspele deel te neem.

7. <u>AFWESIGHEDE</u>

7.1 Indien daar ‘n speler afwesig is, kan die afrigter enige speler vra om te speel indien daardie speler van ‘n laer span is.

7.2 Afrigters mag spelers weerhou om aan wedstryde deel te neem indien hy/sy nie oefeninge bywoon nie.

8. <u>OEFENINGE</u>

8.1 Oefentye word vasgestel aan die begin van elke seisoen en word op die kwartaallikse buitemuurse rooster aangedui.

8.2 Geen oefening mag gekanselleer of geskuif word nie, mits dit die hokkiehoof/sporthoof se goedkeuring dra.

9. <u>OEFENTYE</u>

9.1 Elke span kry twee geleenthede van 45 min tot een uur elk om te oefen in ‘n week.

9.2 Die UV-astro word gebruik vir Graad 6- en 7-spanne na gelang van beskikbaarheid.

9.2.1 Die Graad 6 en 7 spelers wat nie eie vervoer het na die UFS astro toe nie, word met die skool se bussies deur die hokkie-koördineerders/afrigters heen-en-weer gery. Leerders se name word op ‘n lys geplaas en vervoer word daarvolgens gereël.

10. <u>WEDSTRYDE</u>

10.1 Ligabepalings word vanaf SVS komitee ontvang in middel van die tweede kwartaal. Dit word aan die einde van die kwartaal aan die ouers deurgegee saam met die buitemuurse rooster.

10.2 Wedstryde kan tuis of by ‘n gasheerskool gespeel word. Daar word gepoog om jaarliks dit af te wissel tussen die verskillende skole.

10.3 Daar word gepoog om die tye van die wedstryde drie dae voor die aanvang van die liga dag uit te stuur aan die ouers.

10.4 Dit is baie belangrik dat ouers wat weg speel betyds die vervoerlyste moet voltooi sodat die nodige vervoer reëlings getref kan word.

10.5 Elke speler moet elke wedstryd speeltyd kry, die tyd kan wel bepaal word deur die afrigter.

11. <u>TOERE EN KLERASIE</u>

11.1 Slegs Gr. 6- en Gr. 7-spanne mag aan toere deelneem.

11.2 Tydens toere en toernooie waar daar ‘n koste-implikasie ter sprake is wat deur die ouers betaal moet word, moet die reserwes speelkans gegee word.

11.2.1 Hierdie reserwes moet ten minste die helfte van die totale aantal speeltyd geleentheid gegee word om ook hul spel te ontwikkel.

11.3 Slegs o/13A dra eerstespanklere wat die borge verteenwoordig.

11.3.1 Die res van die spanne dra die skool se sportdrag soos die sportdragkode van die skool vereis.

11.3.2 Indien daar genoegsame fondse is kan 'n toer hemp gemaak word vir al die spanne om eenvormigheid te verseker, maar dit mag nie by die skool gedra word nie.

11.4 Geen speler mag aan 'n hokkiewedstryd deelneem indien hy/sy nie al die nodige veiligheidstoerusting (beenskerms en mondskerm) aan het nie.

12. <u>OUERS/TOESKOUERS</u>

12.1 Ouers se ondersteuning word te alle tye hoog op prys gestel.

12.2 Ouers mag nie met spankeuses en oefeninge inmeng nie. Indien 'n ouer 'n probleem/navraag het, moet dit skriftelik by die sporthoof ingedien (sport@tjokkies.co.za). Navrae oor logistieke reëlings (bv. wedstryd tye, kleredrag en vervoer) mag egter direk aan die afrigter gerig word.

12.3 Enige ouer wat hom/haar wangedra tydens wedstryde, mag deur die betrokke afrigter, organiseerder, sporthoof of skoolhoof gevra word om die terrein te verlaat.

12.4 Indien 'n ouer hom/haar herhaaldelik aan wangedrag skuldig maak, sal die Beheerliggaam teen die ouer optree.

12.5 Geen ouers mag op die speelveld wees tydens wedstryde nie.

**GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM IN NOVEMBER 2025**

____________________

Mnr Wessel Groenewald

Voorsitter van die Beheerliggaam